

**7 Februarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 18:6-19:38 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Genesis 18:23-26**

### **Voorbidding**

Voorbidding is 'n belangrike opdrag wat die Here aan ons gee. Dit beteken dat jy vir ander bid. Dan moet jy egter nie met God praat asof Hy jou gelyke is nie. Abraham het in nederigheid met God oor Sodom gepraat. In hierdie stad het lelike dinge gebeur (Gen 19).

Abraham was nie bly omdat God die mense gaan straf nie. Hy pleit vir Sodom om genade. Hy trek nie God se woord in twyfel nie. Hy gee ook nie voor dat Sodom se sonde nie so erg is nie. Miskien is daar in hierdie goddelose stad nog mense wat God dien. En die regverdige Regter sal nie gelowiges as gevolg van ongelowiges se sonde vernietig nie. Abraham besef dat hy klein en nietig voor God is. Daarom bely hy: "*Ek het gewaag om met die Here te spreek alhoewel ek self stof is*" (vers 27 OAV). Die besef dat hyself uit genade gered is, laat sy hart na ander uitgaan.

Dit is hierdie besef wat jou dring om in volle vertrouwe priesterlik vir ander in te tree by God.

Ons kan en mag nie koud en onbetrokke staan teenoor die wêreld waarin ons leef nie. Die Here wag en gee ag op ons gebede ter wille van ander sondaars, want Hy het uit genade sy eie Seun gegee om vir ons in te tree toe ons sy vyande was. Daarby tree Jesus nou nog vir ons by die troon van God in. Pleit jy elke dag by God ter wille van jou medegelowiges en die sondige wêreld waarin ons leef?

Sing: Psalm 61:1,4

Ds AP Krüger (Postmasburg)